# Kleinmond

Natuurbewaringsvereniging
Nature Conservation Society

NPO 005-622 PBO 930013742 info@kleinmondnbv.co.za
Nedbank current account no 1032445297 Branch code 198765


# Jaarverslag

2025/6



## 1. Inleiding

– Vic Brink

Die jaar 2025 was ’n groot mylpaal in die geskiedenis van die Kleinmond Natuurbewarings-vereniging. ’n Volle 50 jaar van die beskerming en bewaring van ons kosbare natuurlike omgewing is gevier.

In hierdie verslag vertel ons meer daaroor en ook oor die wye verskeidenheid aktiwiteite waarby die vereniging betrokke is. Al hierdie aktiwiteite was moontlik omdat ’n groot getal inwoners hulle kundigheid, manne- en vrouekrag en tyd vrywillig beskikbaar gestel het. Die groot gemeenskaplike faktor by hierdie vrywilligers is hulle passie en liefde vir ons natuurlike omgewing en ’n dringendheid dat dit bewaar moet word vir toekomstige geslagte.

**Waarom is dit belangrik?**

Kleinmond is nie net nog ’n dorp nie. Ons dorp is in die oorgangsgebied van die Kogelberg Biosfeer, ’n deel van ’n UNESCO-verklaarde beskermde gebied in die Kaapse Blommestreek.

Rondom die dorp is die buffersone, die natuurlike of semi-natuurlike gebiede wat hoofsaaklik vir ontspanning (stap, bergfietsry), bewaring en volhoubare benutting gebruik word. Groot dele hiervan is deel van die Kleinmond Natuurreservaat. En dan is daar die kerngebied. Dit is die hoogs-sensitiewe, ongerepte statutêre bewaringsgebied van die Kogelberg Natuurreservaat waar menslike toegang streng beheer word.

Dit is ’n voorreg om in die oorgangsgebied te woon, maar dit plaas ook ’n groot verantwoordelikheid op die skouers van almal wat hierdie plek hulle tuiste gemaak het. Dit is waarop KNBV fokus en ons doen wat ons kan om die bewondering, bewaring en beskerming van ons omgewing te bevorder en by inwoners en besoekers aan te wakker.

# 2. KNBV vier 50-jaar met Fynbosfees

– Carl Swart



Die Kleinmond Fynbosfees is van 3 tot 11 Oktober 2025 gehou om die 50ste bestaansjaar van die Kleinmond Natuur-bewaringsvereniging te vier.

Die fees is tydens ’n gala-geleentheid geopen waar Leon Kluge oor die wonderwêreld van fynbos en hulle bestuiwers gesels het. By dié geleentheid is die Kleinmond Fynbos webwerf bekendgestel.

Die fees se program het gedraai om die tema: **Kleinmonders in die Biosfeer**. Daar was ’n verskeidenheid oggendlesings oor onder andere fynbos, die bewaringsbelang van die Kogelberg-biosfeer, motte en skoenlappers, voëls en die wildeperde van Rooisand.

In die raadsaal van die plaaslike biblioteek was daar ’n besondere uitstalling van fynbosspesies wat tydens die feestyd in die veld geblom het, uitstallings van kinders se kunsprojekte, ander natuurbewarings-organisasies se bedrywighede en fotobeelde van onderwerpe uit die Kogelberg Biosfeer deur lede van die Kleinmond Fotografieklub.

Lede van die publiek kon saam stap na Kasteelkop óf saam op Jean se Kop gaan wag vir die volmaan om op te kom óf in Rooisels gaan soek na die Kaapse berglyster en ander voëls.

Vir Kleinmond se jongmense en kinders is kuns- en fotografiekompetisies gereël. Tydens die fees was daar vir hulle onder andere ’n uitstappie na die rotspoele van Bettiesbaai en kon hulle deelneem aan aktiwiteite wat die wonder van vleilande illustreer.

Die feesembleem, regs, is spesiaal vir die feesjaar ontwerp.

# 3. Die KNBV-komitee en ledetal

KNBV-lede wat in die komitee gedien het, is Vic Brink (voorsitter), Carl Swart (ondervoorsitter, kapgroep en BREF), Thea Brink (sekretaris, nuusbrief en blomuitstallings), Justin van den Hoven (tesourier), Gerrit van den Dool (stapklub en staproetes), Jan Stander (omgewingswelstand, KSAG, plankiespad-projek, webwerf), Botha Maree (OM-wykskomitee, netwerke), Christa van Schalkwyk

(blomuitstallings, kontak met skole). Gekoöpteerde lede is Carin Malan (voëlkykaktiwiteite) en Gawie Winterbach (Eko-bediening).

Die vereniging het tans 218 lede.

# 4. Waardering van ons habitat

## 4.1 Kleinmond Stapklub



– Gerrit van den Dool


Die Kleinmond Stapklub is ’n baie bedrywige afdeling van KNBV en bied stapgeleenthede vir verskillende behoeftes. Op Donderdae doen die fikse stappers die meer uitdagende stappe en op Dinsdae is daar korter stappe. Op Donderdae doen die groep bekend as die *Happy Ramblers* rustige stappe om die natuur te geniet.

Die klub het 160 lede op 28 Februarie 2026 gehad.

Die 2025/26-stapseisoen, was na ’n paar jaar van vloede en brande weer “normaal”. Hangklip was vir ’n gedeelte van die jaar gesluit maar is nou weer oop vir stappe. CapeNature is tans besig om Rooisand se plankepad te herstel en die reservaat sal hopelik binnekort weer oop wees vir stappe.

### Stappe

- Daar was gedurende die jaar op die meeste Dinsdag- en Donderdagstappe geen kansellasies vanweë weersomstandighede nie. Ons is dankbaar vir ons pragtige omgewing wat ons op hierdie manier kan waardeer en geniet.
- Die Stapklub het met 39 stappers die Weskus Nasionale Park besoek en twee heerlike dagstappe ingepas.



### Bestuur

Op ons onlangse jaarvergadering is daar ’n nuwe bestuur gekies. Baie dankie aan Gerhard en Louié Booysen wat vir 8 jaar aan die stuur van sake was.

## 4.2 Staproetes

Met meer as 30 km se staproetes rond-om Kleinmond, is daar te kies en te keur vir stappers van alle fiksheidsvlakke. KNBV-vrywilligers sien, in samewerking met die Overstrand Munisipaliteit om na die instandhouding van die paadjies. Die munisipaliteit het gehelp met die oopsny van al die roetes en het netjiese opgraderings-werk aan die kuspaadjie gedoen.

Lede van KNBV het deur die loop van die jaar seker gemaak dat al die paadjies duidelik gemerk is.

Die bekende Slingsby stapkaarte, *"Kleinmond Walks"*, is deur lede van KNBV hersien en die instruksies is aan Tracks4Africa gestuur. Slingsby Maps is onlangs deur hulle oorgeneem. Ons hoop om binnekort weer gedrukte kaarte beskikbaar te hê.



## 4.3 Palmietplankiespad

– Jan Stander

In die afgelope jaar het ons aansienlike vordering gemaak met opgradering van die Palmiet Plankiespad.

Groot gedeeltes van die paadjie is nou vervang met sementblokke.




Die gebruik van blokke kom egter nou tot ’n einde. Dit is die gedeeltes waar die blokke nie prakties moontlik is nie, dit te nat is of daar te veel groot klippe is. Op hierdie gedeeltes word die ou planke vervang met nuwe planke wat op pale as basis rus. Waar die basis nog in ’n goeie toestand is, moet die planke net nuwe skroewe kry.

Dit is egter ’n tydrowende projek. Daar word tussen 8 en 10 m op ’n keer vervang.

OM het goedgunstiglik ou lamppale aan ons geskenk. Dit sal binnekort gebruik word as basispale vir die paadjie. Dit is ’n groot kostebesparing.

Ons hoop om werk aan die paadjie in die volgende jaar af te handel, met ekstra skroewe op al die planke om ekstra stewigheid te verseker.

## 4.4 Voëlkyk-aktiwiteite

– Carin Malan

### 4.4.1 Gekoördineerde watervoëltellings (CWAC)

Lede van BirdLife Overberg het gedurende 2025 voortgegaan met die kwartaallikse CWAC-opnames (*Coordinated Waterbird Counts*) vanaf die Palmietriviermond tot by Uilenkraalsmond.

Tellings word reeds 34 jaar lank gedoen, wat gelei het tot ’n waardevolle langtermyndatastel. Die data word beskikbaar gestel aan die *Animal Demography Unit* (ADU) en *BirdLife South Africa* en speel ’n belangrike rol om besluite rakende ons riviermondings en omliggende gebiede te help rig.

CWAC
COORDINATED
WATERBIRD COUNTS

Die Botrivier- en Kleinmond-riviermondings het vir ’n groot deel van die jaar oop gebly. Ongelukkig het die skade wat deur die verwoestende storms van September 2023 veroorsaak is, steeds ’n beduidende impak op die voëls se voedingsareas.

In Februarie 2026 het *BirdLife Overberg* ook deelgeneem aan die Internasionale Watervoëlsensus wat elke 3 jaar plaasvind. Die jaar 2026 is die 60ste bestaansjaar van die sensus.

Watervoëls getel vanaf Februarie 2025 tot Februarie 2026:

| | Botrivier strandmeer | | Kleinmond strandmeer | | Palmietrivier | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Spesies | Telling | Spesies | Telling | Spesies | Telling |
| 02-2025 | 24 | 655 | 18 | 118 | 15 | 90 |
| 04-2025 | 21 | 288 | 24 | 120 | 9 | 103 |
| 07-2025 | 23 | 300 | 25 | 342 | 8 | 98 |
| 11-2025 | 34 | 250 | 25 | 69 | 10 | 126 |
| 02-2026 | 23 | 472 | 19 | 115 | 18 | 276 |




### 4.4.2 Waarskuwingstekens vir neste van swarttobies en witborsstrandkiewiete

In 2025 het BirdLife Overberg die druk van 160 tekens gefasiliteer om die publiek te waarsku dat watervoëls in die gebied nesmaak. Die tekens is versprei vanaf Rooi Els tot Pearly Beach.

Die veldtog is in Oktober 2025 van stapel gestuur. ’n Kort vraelys het die tekens vergesel waarin basiese terugvoer versoek is. Projekkoördineerder Carin Malan rapporteer dat die broeiseisoen nie baie suksesvol was vir swarttobies en witborsstrandkiewiete nie.

Data oor swarttobies

| Pare gemonitor | Broei Pare | “Chilling” pare | Broei probeerslae | Eiers | Uitgebroei | Oorleef |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 63 | 16 | 2 | 38 | 91 | 20 | 7 |

- *Baie min data is oor die witborsstrandkiewiete ontvang*

### 4.4.3 Kogelberg Biosfeer Reabilitasiesentrum

Die sentrum is ’n groot bate vanuit ’n voëlkykperspektief. Meer as 80% van die pasiënte wat opgeneem word, is voëls en baie word later suksesvol weer in die natuur vrygelaat. In 2025 het Coerie Badenhorst, geregistreerde ringer en lid van *BirdLife Overberg*, 37 voëls by die sentrum gering. Dit sluit bloukraanvoëls, roofvoëls en uile in.



### 4.4.4 Rooisand Natuurreservaat

Dit is teleurstellend dat een van die streek se belangrikste toeriste-aantreklikhede reeds byna drie jaar lank gesluit is. Die aanvanklike voltooiingsdatum vir herstelwerk aan die plankepad na die voëlskuiling was einde Maart 2026.

### 4.4.5 Toestand van Botvlei aan die Fisherhaven-kant

Die huidige misbruik van die Fisherhaven-kant van die Botvlei wek groot kommer en moet onder die aandag van OM gebring word.

### 4.4.6 Voëlgriep

Suid-Afrika het gedurende die winter van 2025 ’n hernude en ernstige uitbreking van Hoëpatogeniese Voëlgriep (HPAI) H5N1 beleef. Die seevoëlbevolkings in die Wes-Kaap is ernstig geraak. In die Overberg-gebied is meeue, Kaapse kormorante en gewone sterretjies die swaarste getref, terwyl die uitbreking op Marion-eiland albatros- en pikkewynbevolkings verwoes het.


### 4.4.7 Algemene voëlkyk in die gebied

BirdLife Overberg het sedert April 2020 bevestigde waarnemings van meer as 400 voëlspesies aangeteken. Die organisasie se 408ste bevestigde waarneming van ’n nuwe spesie, ’n swartpensglansspreeu, het by De Mond plaasgevind. Hierdie data illustreer die positiewe voëlkykpotensiaal van die streek.

### 4.4.8 Skaars voëls en voëls buite hulle verspreidingsgebied

Hoewel die gebied vanjaar verskeie noemenswaardige spesies buite hul verspreidingsgebied opgeteken het, insluitend die Afrikaanseriethaan, roetsterretjie en oostelike sterretjie, was dit die langkuifpikkewyne (Macaroni-pikkewyn) wat die meeste aandag getrek het.

Die Kleinmond-gebied is besonder bevoorreg om vir twee opeenvolgende jare langkuifpikkewyne te kon huisves. ’n Volledig verveerde individu is op 5 Maart 2025 langs die strand tussen Meer-en-See en die Hawston-piekniekterrein gevind, en nog ’n individu op 22 Februarie 2026 op Kleinmondstrand. Hierdie voël het nog nie klaar verveer nie.



**Foto’s: Carin Malan**

### 4.4.9 Mense

Sanjo Rose is aangestel as BirdLife South Africa se Koördineerder vir Watervoëlsensusse met die taak om dr. Giselle Murison met die data te help en ’n nuwe webwerf te vestig.

’n Nuwe span is saamgestel vir die kwartaallikse CWAC-opnames (Gekoördineerde Watervoëltelling) by die Palmietriviermond. Baie dankie aan Joan Wurr en Maaike Murphy wat vir baie jare as vrywilligers diens gedoen het.

# 5. Bewaring van ons habitat

## 5.1 Fynbos-uitstallings

– Thea Brink

Uitstallings van plaaslike blomme het kort nadat KNBV in 1975 gestig is, begin. Daar is tans uitstallings in die biblioteek, die toerismekantoor en die plaaslike gholfklub.

Daar is twee spanne wat om die beurt elke Vrydag die uitstalling by die gholfklub behartig. Miemie Strydom, Yvonne van Dyk, Christa van Schalkwyk en Esmé Engelbrecht is die uitstallers. Die span wat by die biblioteek en toerismekantoor uitstal, is Thea Brink, Magriet Brink, Louie Booysen en Patrys van der Walt. Ongelukkig moes Patrys onlangs uittree. Ons mis haar fyn oog en entoesiasme baie.




Mense wat die uitstallings in die drie lokale bekyk, spreek dikwels hul waardering uit en vra ook heelwat vrae. Die besoekersboek by die biblioteek word gereeld gebruik. Die gholfklub lok ook oorsese belangstellendes.

Ongeveer 230 verskillende spesies word deur die jaar uitgestal. Esmé Engelbrecht hou rekord van alle spesies wat uitgestal word.

Ongelukkig is die jaarlikse hernuwing van KNBV se permitte om blomme in die Kleinmond Reservaat te pluk, ’n uiters langsame proses. OM moet die vorms teken en CapeNature moet die permitte uitreik. Die vorms met die nodige inligting is sedert Januarie 2026 nog by OM.



## 5.2 *Erica Pillansii*-projek

– Christa van Schalkwyk

Baie inwoners van Kleinmond is waarskynlik nie bewus van die onwettige oes van die *Erica pillansii pillansii* wat die afgelope paar jaar toegeneem het nie. Daar is selfs kommer oor die voortbestaan van hierdie pragtige spesie.

In 2025 het KNBV besluit dat optrede noodsaaklik geword het en aan die begin van 2026 is ’n volledige verslag saamgestel oor die volgende:

- Die bewaringstatus van die *Erica pillansii pillansii*. Dit word as bedreig beskou omdat dit ’n baie beperkte verspreidingsgebied het en endemies aan die Kogelberg is.
- Die *Erica pillansii pillansii* plant voort deur saad wat gewoonlik na ’n brand ontkiem. Kommer bestaan dat met die onwettige oes van blomme te veel saad uit die habitat verwyder word. Die voortplanting van die plant kan dus onder groot druk geplaas word wanneer die volgende brand uitbreek.

### Versoek om hulp gerig aan CapeNature

’n Versoek is aan mnr Pierre de Villiers van CapeNature gerig om Operasie Phakisa, wat bestaan uit ’n span van al die betrokke wetstoepassers in ’n streek met die doel om stroping te bestry, te aktiveer. Ons was verheug toe hulle ingestem het om ons by te staan.

Die aanvanklike onwettige oes van plante gedurende die weke van 8 tot 21 Maart 2026 was baie sigbaar. Twee waarnemers is ontplooi en daarna het ons nie weer soveel tekens van oesaktiwiteite waargeneem nie. Mnr de Villiers het gesê dat 'n span plukkers in Grabouw aan die kaak gestel is, maar geen arrestasies is gemaak nie. Dit het wel tot gevolg gehad dat hulle werksaamhede ontwrig is en hulle bewus is dat hulle dopgehou word. Daarna was daar nie weer spore van onwettige oesaktiwiteite nie.

### Gevolgtrekking

Onwettige pluk het wel plaasgevind maar die teenwoordigheid van wetstoepassers het 'n positiewe gevolg gehad en ons bedank mnr de Villiers en sy span wat dit moontlik gemaak het.




## 5.3 Mimetespark

– Magdaleen Brits

Mimetespark se rehabilitasie is nou in sy sewende jaar en lewer regdeur die jaar prag en kleur in verskillende fases en fasette!

Beddings en plante het oor die tyd mooi gevestig danksy die span hardwerkende vrywilligers wat regdeur die warm somermaande sensitiewe plante natgooi.

Vicky Kotze (Betty's Bay Gardens) en haar flukse span, geborg deur KNBV, werk elke maand hard aan die algemene instandhouding van die park.

In Maart 2026 het ons die hele paadjienetwerk se pale vervang met sterker, behandelde pale en dwarslatte. Dit kon gedoen word danksy finansiële skenkings en die harde werk van KNBV-kapgroeplede, vrywilligers en 'n BBGardens span.

Overstrand se "*Mowing Paused, August to November*"-beleid en die borde wat deur KNBV ontwerp, laat maak en aangebring is, het pragtige resultate opgelewer! Bedreigde spesies word beskerm, bestuiwers vier fees, veldblomme floreer, en kry kans om saad te produseer. Werklik 'n kleurvolle suksesverhaal wat ons graag jaarliks wil herhaal!




Bosslapers bied steeds uitdagings met hulle rommel. Die onlangse stormwinde het heelwat struike en takke gebreek, en ook ons groot inligtingsbord laat verdwyn.

Mimetespark slaag toenemend daarin om aan inwoners en besoekers 'n stukkie stedelike fynbospark te bied om te geniet.

# 6. Bestryding van indringers

## 6.1 Kapgroep

– Carel Swart

Die kapgroep werk normaalweg op die derde Dinsdag van elke maand. ’n Hele paar van die vrywilligers doen ook bykomende *ad hoc*-kappe op hulle eie. Hierdie groep van ongeveer 15 mans en vroue het in 2025 nie minder nie as 37 000 indringerplante uitgetrek of afgesaag en met plantdoder behandel. Vanjaar is daar tot op datum reeds meer as 9 500 indringers gekap.



1. Wesoewer-suid
2. Wesoewer-noord
3. Oosoewer-noord
4. Oosoewer-suid
5. Plankiespad
6. Voor-Kasteelkop
7. Fairy Glen
8. Plato
9. Kasteelpoort
10. Kontoer-wes
11. Waterwerke
12. Sandvlakte
13. Berghang 2&3de kloof
14. Berghang 1ste kloof
15. Jean se Kop
16. Middelrivier
17. Hanneshoek
18. Golfbaan
19. Mimetespark en R44-oos
20. Hoofstrand
21. Kuspaadjie

Die area waar die kapgroep werk, is in blokke ingedeel en die werk word aan die hand hiervan beplan. Rekord word ook hiervolgens gehou.

Indringer-plantegroei is een van die grootste bedreigings vir fynbos en voortdurende waaksaamheid en optrede is nodig om hulle verspreiding te beheer.

KNBV werk nou saam met die munisipale amptenare (onder leiding van Timothy Europa) om indringers te bestry. Die munisipaliteit het kontrakteurs aangestel om opvolgwerk in onder meer areas naby Hanneshoek, die oos-grens van die gholfbaan, oos van Middelrivierweg en die kusreservaat te doen.

Dit is ’n probleem dat baie van hierdie indringers (veral Australiese mirt) in tuine in die dorp floreer en hulle saad versprei na die natuurlike omgewing rondom die dorp. Inwoners is al by herhaling versoek om òf hulle mirt-heinings gesnoei te hou om saadvorming te verhoed, òf dit verkieslik heeltemal te verwyder.

## 6.2 Arabella gholfdag 2025

Na samesprekings met die vorige hoofbestuurder van die Arabella Hotel, Gholf en Spa, Michael Phillipson, oor hulle indringerbeheer langs die R44, het hy aangebied dat KNBV ’n geborgde gholfdag op hulle baan mag hou om fondse vir die kapgroep in te samel.

Die geleentheid het op 5 Junie 2025 plaasgevind met 40 spelers wat deelgeneem het. Civils2000 en PSG was die hoofborge. Ons het ook groot waardering vir verskeie ander borge vir hulle bydraes wat opgeveil of as pryse gegee kon word.




Gelukkig het die weer goed saamgespeel en die spelers het die geleentheid baie geniet.

Met die wins van die geleentheid is nuwe toerusting en glimbaadjies aangekoop wat die werk van die kapgroep vergemaklik.

# 7. Netwerke

## 7.1 BREF (Bot River Estuary Forum)

– Carl Swart

Die *Bot River Estuary Forum* vervul advies- en oorsigfunksies met betrekking tot die bestuur van die Botrivier-estuarium. Naas algemene insette, bly KNBV se fokus op die belangrike rol wat die Kleinmondstrandmeer in die estuariumbestuur behoort te speel.

Naas gereelde sake soos waterkwaliteit en -kwantiteit, is verskeie ander sake bespreek:

- Die vestiging van oewer-buffersones om die Bot/Kleinmond sisteem.
- Die vestiging van marienesones vir die beskerming van marienehulpbronne teen uitbuiting en versteuring.
- Die uitbreiding van die Ramsar-vleiland om die Kleinmond-gedeelte in te sluit.

Die mond van die Botvlei is op 10 Oktober 2025 oopgegrawe aangesien daar aan die kriteria van die mondbestuursplan voldoen is.

CapeNature het die forum ingelig dat die Rooisand plankiespad in die eerste kwartaal in 2025 herstel gaan word. Ongelukkig is die ideaal nie verwesentlik nie. Rooisand bly gesluit vir die publiek.

## 7.2 Overstrand Munisipaliteit: Wykskomitee vir wyk 9

– Botha Maree

Met voortgesette verteenwoordiging op die wykskomitee kon ons bly sorg dat natuur- en omgewingsverwante sake onder munisipale amptenare en mede-inwoners se aandag gebring en gehou word – waaronder die volgende sake:

### 7.2.1 Bestuursplan vir die Kleinmond Kus- en Bergnatuurreservaat

Begrotingbefondsing en verwante beplanning is tydig hiervoor aangevra. Die munisipale fondse wat daarvoor geoormerk was, is ongelukkig gedurende die jaar, oorgedra na noodsaaklike brandbestrydingsoperasies in die munisipale gebied. Alle voorbereidende handelinge en reëlings is sedertdien getref dat dit gedurende die komende jaar sal kan geskied.

### 7.2.2 Onwettige behuisingstrukture

Ons voortgesette besorgdheid oor die invloed op die natuurlike omgewing van die onwettige strukture in die Overhills-gemeenskap en die gepaardgaande ontydige brande, grondversteuring / verskuiwings op die steil hange bokant die area en veral rommelstorting en ander besoedeling, is ingesluit in geskrewe kommentaar en voorstelle wat ons (as deel van ’n omvattende omgewingsimpakstudie se verwante openbare-deelname-proses), gelewer het.

### 7.2.3 Plastiek- en ander afvalherwinning in Kleinmond

Witsakherwinning in Kleinmond word steeds net in sekere dele van ons gemeenskap gesteun. Aandag is dmv die wykskomitee en verwante munisipale samesprekings daaraan gegee – ongelukkig, tot dusver, sonder merkbare sukses.

### 7.2.4 Indringerbeheer deur OM op privaaterwe

’n Gepaste verordening wat OM instaat kon stel om indringerplantsaadbronne op privaaterwe doeltreffend te beheer, ontbreek nog (oa vanweë beperkinge weens ongevulde poste in die Omgewingbestuursdepartement van OM). Gepaste munisipale skrywes aan eienaars om hulle intussen, sover te kry om die indringers op hul erwe te verwyder, het beperkte sukses gehad.

### 7.2.5 Indringerbeheer deur OM op munisipale grond

Belangrike indringerbeheer is andermaal op munisipale eiendom gedoen deur ’n OM aangestelde en befondsde kontrakteur. Die beplanning van die areas wat gedek is, is weer in samewerking met ons vereniging gedoen om oorvleueling te voorkom en by te dra tot kostedoeltreffendheid. ’n Area van 170 ha is reeds vanjaar gedek – die grootste area in die afgelope 6 jaar – waarvoor ons die munisipaliteit baie dankbaar is.

### 7.2.6 Rommelvangnette



Twee van die ses nette wat KNBV in 2021 geïnstalleer het, was vanjaar steeds in aktiewe gebruik en met spanwerk (KNBV-lede, OM-werknemers en lede van die Strandlopers) skoongemaak en herwinbare materiaal is van die res geskei. Swaar reënval in Februarie vanjaar het skade aan al die nette (ook die nette wat OM verlede jaar vervang en bykomend aangebring het) meegebring. Die kousnet in die Kusreservaat (foto langsaan) het heeltemal weggespoel. Herinstalering is aangevra en ’n verbetering daarvan is onder oorweging.

## 7.3 Kogelberg Biosfeer

Corli Hogo het die Kogelberg Biosfeer in die KNBV-komitee verteenwoordig. Sy het vroeg in 2026 gevra om weens haar vol program terug te staan as gekoöpteerde lid. Ons hou haar steeds deurlopend ingelig oor die aktiwiteite van KNBV en raadpleeg haar dikwels oor aangeleenthede wat die biosfeer raak.

Daar bestaan ’n gesonde verhouding tussen KNBV en die Kogelberg Biosfeer en daar sal hierop voortgebou word.

## 7.4 Eko-bediening

– Gawie Winterbach

KNBV ondersteun die plaaslike Eko-bediening – ’n kerklike beweging – se werk om ons omgewing skoon te hou.

### 7.4.1 Aktiwiteite

Vier byeenkomste is die afgelope jaar gehou en die volgende persone het opgetree:

- Dr Braam Hanekom oor SAFCEI (South African Faith Communities Environment Institute).
- Ds Fay van Eeden oor volharing met aardesorg ten spyte van groot uitdagings.
- Karen Farrel oor die maak van kompos.
- Matthew Arendse oor die werk van die Kaapse Luiperd-trust.



### 7.4.2 Inligting

Inligting oor plaaslike omgewingsake en interessante natuurverskynsels word gereeld op die EKO-WhatsApp-groep gedeel.

### 7.4.3 Skoonmaak en herwinning

Die Eko-bediening reël maandeliks ’n skoonmaakdag in ons dorpsomgewing. Oor die afgelope jaar is 178 sakke rommel (1017 kg) en 163 sakke herwinbare materiaal (862 kg) opgetel.

Die Proppies en Doppies-projek herwin hierdie items en lewer dit aan die Sweet Heart Foundation om fondse te in vir rolstoele.



### 7.4.4 Jeug

Die Eko-bediening betrek die jeug by verskeie aktiwiteite om bewusmaking te bevorder en om volhoubare omgewingsbewaring te help verseker. Die Strandlopers is ’n groep kinders wat gereeld bymekaarkom om aan allerhande interessante projekte deel te neem.

### 7.4.5 Algemeen

Predikante wat betrokke is by die bediening reël ook kerkdienste en ander geleenthede om omgewingsbewusmaking te bevorder.

Die Eko-bediening vat graag hande met organisasies wat ook ingestel is op natuurwaardering en-bewaring.

## 7.5 Uitreikprogramme vir kinders en jongmense

– Christa van Schalkwyk



Wêreldwaterdag is ’n jaarlikse Verenigde Nasies-herdenking wat fokus op die belangrikheid van varswater. Die tema vir 2026 was: *“Where water flows, equality grows”.*

Om die dag te vier het KNBV en die Eko-jeugbediening saamgewerk om programme aan te bied vir 15 lede van die Strandloper Ekoklub en vir 15 graad 7-leerders van Kleinmond Laerskool. Die programme is befonds deur KNBV en *Stonefly Environmental Education* en vorm deel van KNBV se volgehoue uitreike na kinders en jongmense.

Die programme is aangebied deur Louine Boothway le Roux van *Stonefly Environmental Education*. Sy het die kinders

vertel van akwatiese lewe in varswaterstrome en gefokus op die steenvlieg-nimf. Hierdie nimf kan slegs in baie skoon water oorleef en dien daarom as ’n aanduider van goeie watergehalte.

Die kinders het daarna die geleentheid gehad om van die organismes in die Middelrivier te vind en dit deur ’n veldmikroskoop te bestudeer. Omdat die kinders die steenvlieg-nimf (saam met ander organismes) gevind het, weet hulle nou dat die water in die stroom van uitstekende gehalte is.

## 7.6 CREW

Die KNBV-komitee het in 2025 besluit om vir Kogelberg CREW (Custodians of Rare and Endangered Wildflowers) in te sluit by die organisasies in ons netwerk.

Die CREW-program is ’n burgerwetenskap-inisiatief wat lede van die Suid-Afrikaanse publiek betrek by die opname, monitering en bewaring van veral skaars en bedreigde plante. CREW is in 2003 gestig as ’n samewerkings-inisiatief tussen die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (SANBI) en die Botaniese Vereniging van Suid Afrika, en funksioneer in prioriteitsdele van die Suid-Afrikaanse landskap.

Die CREW-program fokus veral op die monitering en dokumentering van bedreigde plantspesies (ToCC), en bepaal ook watter endemiese plante bewaring benodig.

Die program verbind burgerwetenskaplikes met hul plaaslike bewaringsagentskappe, en veral met plaaslike rentmeesters, om die bewaring van sleutelgebiede vir bedreigde plantspesies te verseker. Die gedetailleerde data wat CREW-lede versamel, word wyd gebruik vir nasionale en internasionale verslagdoening oor die status van biodiversiteit via die *International Union for Conservation of Nature* (IUCN) se Rooilys. Daarbenewens help voorkomsrekords van bedreigde plante om deurlopend grondgebruik-besluitneming en die prioritisering van die uitbreiding van beskermde gebiede te ondersteun. (https://www.sanbi.org/)

Vrywilligers van die Kogelberg CREW-span het KNBV oor die afgelope jaar bygestaan deur:

- Die aanteken van spesies in die Kleinmond Hawegebied.
- Die monitering van die bedreigde *Erica pillansii pillansii* op die plato naby Dot’s Dash.
- Die monitering en aanteken van spesies op die sandvlakte direk noord van Kleinmond.
- ’n Ontmoeting met CapeNature by Rooisand na aanleiding van die kommer wat bestaan oor die invloed van die beeste wat dikwels in die area gesien word.
- Die onderhandelinge met Overstrand Munisipaliteit wat gelei het tot die identifisering van areas waar ’n grassnypouse tussen Augustus en November gehandhaaf moes word om veldblomme en bedreigde plante toe te laat om te blom en saad te skiet. Daar is ook gevra vir ’n pouse tussen Augustus en Februarie, afhangende van plek en teikenspesies, maar met beperkte sukses.
- Moniteringswerk vir Arabella se projek waar indringers verwyder is en die veld besig is om te herstel.
- Opnames in Kleinmond se kusreservaat wat direk gelei het tot CREW se vermoë om saam met KNBV aan OM se span advies te gee oor die lang lys indringers wat daar kop uitsteek.

## 7.7 Kleinmond Spesiale Aanslaggebied

KNBV werk saam met die Kleinmond Spesiale Aanslaggebied in terme van die monitering en rapportering van kwessies wat met die welstand van die omgewing verband hou.

KLEINMOND SAG | SRA

Vir 'n veilige, skoon en gesonde omgewing
For a safe, clean and healthy environment

www.kleinmondsag.co.za

Tot die einde van Oktober 2026 het verteenwoordigers van KSAG en KNBV maandeliks met raadslid Grant Cohen en munisipale amptenare vergader om kwessies rakende die welstand van die omgewing te bespreek en aanbevelings te maak.

Daarna is die meeste van die kwessies deur een van die KSAG-direkteure, Jan Stander (ook 'n lid van KNBV se komitee) deur middel van die Collab Citizen-toepassing gerapporteer of direk met die betrokke amptenare bespreek.

## 7.8 Overstrand Eco-Indaba

### Overstrand Eco-Indaba

Christa van Schalkwyk het KNBV by die Overstrand Eco Indaba, wat op 28 Maart 2026 in Pringle Bay gehou is, verteenwoordig. Ongeveer 45 deelnemers uit 23 organisasies dit bygewoon. Die Indaba is voorberei deur 'n loodskomitee bestaande uit Coastal Rewilding, die Rooiels Conservancy, Stonefly Environmental Education, die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging en die De Kelders- en Perlemoenbaaise Belastingbetalersvereniging. Koördinering en sekretariaatdienste is deur Coastal Rewilding verskaf.

Die werkswinkel is deur prof. Jan Crafford van Coastal Rewilding geopen. Hy het die dringendheid het om samewerking tussen plaaslike omgewingsinisiatiewe te versterk, beklemtoon. Hy het daarop gewys dat, in die afwesigheid van 'n verenigde verteenwoordigende liggaam, die gefragmenteerde aard van behartiging van omgewingsbelange en -aktivisme in die Overstrand daartoe bygedra het dat omgewingskwessies deur regeringsowerhede gemarginaliseer word.

Dit is nog vroeg in die proses vir die voorgestelde alliansie, en die KNBV-komitee sal die ontwikkelinge volg en dienooreenkomstig besluite neem.

# 8. Media

## 8.1 Fynbos nuusbrief

Drie volkleur-uitgawes van KNBV se Fynbos nuusbrief het in 2025 verskyn en tot dusver een uitgawe in 2026. Thea Brink is die redakteur. Vic Brink het die uitleg gedoen todat Klara Skinner die taak vanjaar by hom oorgeneem het. Die doel is om 'n balans tussen Afrikaanse en Engelse berigte en ook tussen plaaslike nuus oor natuurbewaring en nuus oor sake van algemene bewaringsbelang te skep.

Fynbos word per e-pos aan al die lede van KNBV gestuur en 'n skakel daarna word ook op sosiale media (die facebookbladsye van KNBV, Kleinmond Fynbos en Kleinmond Community) geplaas waar dit afgelaai kan word en aan 'n groter lesersgetal beskikbaar is.



Fynbos

Kleinmond
Natuurbewaringsvereniging
Nature Conservation Society

Nr/No 183 April 2026

Reg nr/no 005-622 NPO | www.kleinmondnbv.co.za | info@kleinmondnbv.co.za

In this issue / In hierdie uitgawe

BIRD OF THE YEAR 2026: BLACK HARRIER

*– Carin Malan and Thea Brink*

**BirdLife South Africa asked the public to participate, more than 10 000 people cast their votes, and the Black Harrier was selected to be Bird of the Year 2026.**

Good news for us, as it lives on our doorstep.

The Black Harrier (witkruisvleivalk) is categorised as "near-endemic" as 70% of its population occurs within South Africa. In summer these magnificent birds migrate from their core ranges in the Western Cape to Lesotho and the Free State.

It is a beautiful, eye-catching bird with its black feathers, white rump and black-and-white striped tail. It has yellow legs, eyes and cere. When perched, the bird appears to be all black. Male and female plumages are similar, females being slightly larger.

Black Harriers breed mostly in the montane fynbos, Renosterveld and Strandveld habitats of the Western Cape. Breeding success depends on the rainfall. More rain equals more available food equals larger clutches. Inland harriers have a small window to breed; however, the more benign coastal weather conditions allow the birds to produce more young over a longer period.

They breed close to damp areas such as vleis and streams and build their nests of dry stems, grass, reeds and weeds on the ground. They usually lay three to five eggs which are incubated for about a month. In winter rainfall areas egg-laying takes place between June and November, with peaks in July and September.

They feed mostly on small rodents and other small animals.

Black Harriers (*Circus maurus*) are southern Africa's rarest endemic raptor and the most threatened near-endemic raptor in South Africa. Their numbers are declining and their conservation status is Endangered.


The main threats that they face include loss of favoured breeding habitats in the Fynbos, Karoo and Grassland biomes because of agricultural and urban expansion. Climate change is also predicted to contribute to their decline, as warming climates force them out of their habitats and into limited fragments of suitable coastal areas.

Birdlife SouthAfrica and its partners on the Black Harrier Task Force are implementing plans to secure the future of these magnificent birds. Their plans include research, surveys in underexplored areas, conservation action at important harrier breeding and foraging sites, and creating more awareness of the bird's tenuous status. Let us wish them every success.

**A Black Harrier descending to its nest in the Overstrand area.** *(Image: Carin Malan)*


1

## 8.2 Kleinmond Fynbos op facebook




Die facebook-blad *Kleinmond Fynbos* het tydens Covid 19 tot stand gekom en sedertdien word daar elke dag 'n foto en kort beskrywing geplaas van 'n plaaslik inheemse spesie wat in die betrokke maand in die omgewing blom.

Die groep het nou al spontaan gegroei tot 4 367 lede plus 896 besoekers.




Die gewildste plasing sedert die blad geskep is, was op 5 Februarie 2026 en was van die pragtige *Berzelia stokoei*. Die plasingsreikwydte was meer as 72 000.

Die *B stokoei* kom in die Hottentots-holland- en Kogelberge voor, en in ons kontrei kry moet jy jou stapskoene aantrek en die paadjie na Drie Susters toe of na die kruin van Perdeberg in die somer aanpak.

Die blad lewer 'n groot bydrae om mense bewus te maak van die uitsonderlike fynbosskat in ons omgewing.

## 8.3 Kleinmondfynbos webwerf

Daar is in 2022 begin met die bou van 'n webwerf wat op plantspesies in die Kleinmond-omgewing fokus. Die ontwerp is deur LoveGreen gedoen.



Foto's en inligting van die volgende families is reeds opgelaai:

- Familie *Proteaceae* (9 x genera, 39 x spesies, 156 x foto's)
- Familie *Ericaceae* (1 x genus, 67 spesies, 268 foto's)
- Familie *Iridaceae* (19 x genera, 67 spesies, 268 foto's)
- Familie *Bruniaceae* (3 genera, 11 spesies, 44 foto's)
- Familie *Orchidaceae* (10 genera, 43 spesies, 172 foto's)

In proses:

- Familie *Asteraceae* (die teks vir hierdie familie is ontwikkel en daar word nou gewerk aan die uitsoek van geskikte foto's)

Die webwerf is tydens die Gala-opening van die 50-jarige fees van KNBV in Oktober amptelik bekend gestel. Dit is van die begin van Oktober tot die einde van Desember 2025 deur 212 en sedert die begin van 2026 deur 308 gebruikers besoek. Besoek gerus www.kleinmondfynbos.org.za

## 8.4 KNBV op Facebook

KNBV het ook 'n eie Facebook-blad wat deur Jan Stander geadministreer word.

Die groep het tans 75 lede.




## 8.5 KNBV-webwerf

Jan Stander het ook 'n webwerf (Afrikaans en Engels) vir KNBV geskep. Benewens die landingsblad, is daar verskillende bladsye waarop inligting oor die werksaamhede van KNBV gepubliseer is. Die jongste nuusbrief en vorige nuusbriewe is ook vir maklike aflaai en lees beskikbaar.

Klara Skinner het voorstelle gemaak oor die opgradering van die webwerf en Facebook-blad om dit meer toeganklik te maak vir die wye publiek. Dit sal weldra gedoen word.

## 8.6 Groot Suidelike Bioblitz 2025

Kleinmonders het van 24 tot 27 Oktober 2025 weereens met groot entoesiasme deelgeneem aan iNatruralist.org se "Great Southern Bioblitz". 217 streke in die suidelike halfrond het deelgeneem, en Overstrand het eerste geëindig met die getal waarnemings (15 293). Naas Coffs Harbour Region (Australië) en Kaapstad, het Overstrand die derde plek ingeneem met die getal spesies wat waargeneem is (2 016). Ons getal waarnemers was 175.

# 9. Bedankings

Ek wil graag die volgende bedank:

- Die lede van die KNBV komitee vir elkeen se groot bydrae om van die wye verskyndenheid van KNBV-aktiwiteite 'n sukses te maak.
- Die lede van die Kleinmond Stapklub wat na die paadjies omsien en die Palmietplankers vir hulle werk om die Plankiespad op te gradeer en in stand te hou.

- Die lede van die KNBV-kapgroep vir hul werk om die indringers in toom te hou.
- Magdaleen Brits en die Vriende van Mimetespark vir hulle werk aan die restourasie en opgradering van hierdie fynbostuin.
- Die vrywilligers wat vir die blomuitstallings sorg.
- Die vrywilligers wat betrokke is by aktiwiteite vir die bewaring van voëls in ons omgewing.
- Die vrywilligers wat vir die nuusbriewe, Facebook-blaaie en webwerf-ontwikkeling sorg.
- Die verteenwoordigers van die Kogelberg Biosfeer, die Eko-bediening en CREW vir hul hartlike samewerking.
- Ons raadslede en OM-amptenare vir hulle ondersteuning en samewerking.
- Ander vrywilligers soos die Strandlopers, Laerskool Kleinmond en Kleinmond Primêr wat meegewerk het in die bewaring en skoonhou van Kleinmond se natuurlike omgewing.
- Die Kleinmond Fotografieklub vir hulle groot bydrae tot die sukses van KNBV se 50 jaar-fees.
- Laastens ’n groot dankie aan ons donateurs: die Frank Robb Trust en Rowland & Leta Hill Trust, die bestuur van Arabella, organiseerders, borge en deelnemers aan die gholfdag sowel as verskeie individue en plaaslike besighede vir hulle ondersteuning.

Vic Brink
Voorsitter
Mei 2026